Scriptura 18 (1986), 22-40

# DIE ROL VAN WAARDES IN DIE PROSES VAN KONSTITUSIONELE HERVORMING

W P Esterhuyse
Departement Filosofie
Universiteit van Stellenbosch
Stellenbosch

ABSTRACT: The rôle of values in the process of constitutional reform

In the constitional debate currently taking place in South Africa, a point raised more often than not, is that the "values of Christian civilisation" should be central to the process of constitutional reform. The author defines "civilisation" as something which has been acquired by mankind, usually called the quality of life.

Putting a premium on values of civilisation and acquisition entails deliberate efforts to distribute opportunities and civilised values evenly, particularly where statutory and structural factors previously prevented such distribution.

Seen from a moral point of view, and in the light of what is required by justice and civilised values, this situation should be remedied by a programme of constitutional reform. The disadvantaged members of society should also be given the chance to benefit from opportunities, and the author suggests that the Old Testament idea of "reparation

payments" be introduced as part of a social policy of redistribution.

The crucial question South Africa is facing is not how power should be retained of acquired, but how a legitimate constitutional dispensation can be brought about. The choice for the latter option implies a choice for a process of negotiation in which consensus on basic values is sought.

* * *

## 1. INLEIDENDE OPMERKINGS

Baie algemeen gestel, kan waardes omskryf word as die normatiewe konsepsies wat 'n gemeenskap, 'n groep van mense of individue aanvaar en wat ten grondslag van hulle sedelike besef en morele oortuigings lê. Waardes druk uit wat vir mense belangrik en waardevol is. Dit sê wat behoort of nie behoort te wees nie; wat goedkeurenswaardig of afkeurenswaardig is. Omdat waardes intrinsiek aan die menslike lewe genaelstring is, funksioneer dit binne die konteks van menslike gedrag en verhoudinge.

Menslike gedrag speel natuurlik nie in 'n vakuum af nie. Dit is verweef met strukture en 'n verskeidenheid van lewenspatrone en -instellings, byvoorbeeld die gesin, die kerk, verenigings, politieke bewegings en die staat. Waardes moet daarom nie binne 'n enge personalisties-individualistiese verband geïnterpreteer word nie. Hulle vind ook hulle neerslag in die strukture, instellings, reëls, regulasies en wette van die samelewing. Hulle word daarin geïnstitusionaliseer en kry 'n objektiewe sanksie.

Net soos menslike gedrag nooit waardevry kan wees nie, is die staat ook nie waardevry nie. Dit is die geval vir alle soort state, duskant of agter die Ystergordyn. Dat dit die geval is, blyk as gelet word op die funksies van die sogenaamde demokratiese staat.

Dit word algemeen aanvaar dat die staat 'n orde-funksie het, dit wil sê die taak om deur middel van wette en regulasies die ordelike samesyn van mense binne staatsverband te verseker. Deur sy wetgewende gesag het die staat die bevoegdheid om wetgewing in die verband op die wetboek te plaas. Sy administratiewe arm sorg vir die administrasie van onder andere reëls, regulasies en wette wat 'n ordelike gang van sake moet verseker, en deur middel van sy regsplegende gesag word wag gehou oor die eerbiediging daarvan en straf uitgedeel wanneer oortredings plaasvind.

Hierdie funksie van die staat kan egter nie ter wille van die orde self uitgevoer word nie. Sodra dit vir die staat om orde ter wille van die orde self gaan, bly die staat nog altyd staat, maar dan 'n staat op pad na 'n diktatuur.

Die orde waaroor dit gaan, moet 'n "goeie orde" wees, dit wil sê 'n moreel verdedigbare orde; 'n orde wat uitdrukking aan sekere basiese regte en aanvaarbare waardes gee. Die orde wat daargestel word moet, algemeen gestel, 'n orde op die basis van reg en geregtigheid wees. Kortom, die orde-funksie van die staat moet gekomplementeer word deur 'n moreel-etiese funksie. 'n Verabsolutering van die idee van "wet en orde" verontagsaam laasgenoemde funksie.

Die voorafgaande word goed geïllustreer as 'n mens kyk na die aard en funksie van 'n konstitusie binne 'n demokratiese staat. Baie algemeen gestel, kan 'n konstitusie beskou word as 'n sisteem van reëls wat bepaal hoe die staatshuishouding ingerig moet word, wat die bevoegdhede is van diegene wat die staatsgesag beklee en wat die regte en pligte van die burgery is. Dit is, by wyse van spreke, die gekodifiseerde afsprake waarvolgens die gang van sake binne 'n staatshuishouding moet geskied. Kortom, binne die konstitusie vind dit wat 'n staatsgemeenskap belangrik en waardevol ag, sy neerslag en beskerming.

'n Konstitusie is daarom nooit waardevry of neutraal ten opsigte van waardes nie. Benewens ander reëls en afsprake, bevat dit ook reëls en afsprake wat die neerslag van regte en waardes is, en wat as sodanig 'n normatiewe inslag het. Om dit ietwat eensydig te stel:

Staatsgesag en staatsmag is nie eties neutraal nie, omdat

mag - dit wil sê die vermoë om die gang van sake wesenlik te beïnvloed en te stuur - nooit neutraal kan wees nie. Gesag impliseer noodwendig verantwoordelikheid. Dit impliseer ook dat diegene wat onderworpe aan gesag en mag is, teen die misbruik daarvan beskerm moet word. Die hele idee van 'n konstitusioneel verskanste handves van menseregte staan met hierdie noodsaak van beskerming in verband. 'n Konstitusie moet met ander woorde hierdie beskerming verleen, omdat die sogenaamde "goeie wil van regeerders" nooit voldoende waarborg teen mags- en gesagsmisbruik bied nie.

Die voorafgaande maak duidelik dat waardes en, wat daarmee verband hou, regte direk ter sprake is wanneer dit oor politiek, die staat, mag en 'n konstitusie gaan. Die vraag is natuurlik: wanneer dit oor konstitusionele hervorming gaan, wat presies is die rol van waardes en watter soort waardes moet 'n rol speel?

Hierdie vraag veronderstel die volgende:

Enersyds, dat gelet sal word op die **proses** van konstitusionele hervorming self en die rol van waardes daarin.

Andersyds, dat gelet sal word op die **produk** van konstitusionele verandering en die waardes wat daarin 'n neerslag gevind het.

Die proses en produk van konstitusionele hervorming is natuurlik nie van mekaar isoleerbaar nie. Wat in die produk sy neerslag vind, word uiteindelik deur die proses bepaal. Tog is dit waar dat onder bepaalde omstandighede die proses selfs belangriker sal wees as die produk, deurdat die aanvaarbaarheid van die produk deur die proses bepaal word. Hierdie kwessie hou verband met wat die **legitimiteit** van konstitusionele hervorming genoem word.

Legitimiteit word bepaal deur die mate van aanvaardig wat iets geniet; of mense hulle daarmee kan identifiseer. Wanneer 'n staat of 'n konstitusie in 'n legitimiteitskrisis verkeer, beteken dit gewoon dat mense hulle nie meer met daardie staat of konstitusie identifiseer nie.

Gewoonlik behels legitimiteit die volgende aspekte:

- die vraag of daar 'n redelike konsensus bestaan oor die waardes, beginsels en doelstellings wat ten grondslag van iets lê en of mense hulle daarmee kan vereenselwig in die oortuiging dat dit uitdrukking aan hulle verwagtings gee;
- die vraag of daar 'n redelike mate van konsensus bestaan oor die strukture en instellings wat ter sprake is en mense oortuig is dat dit hulle belange dien;
- die vraag of daar 'n redelike mate van konsensus bestaan ten opsigte van die kwessie of diegene wat aan die roer van sake staan vertroue inboesem en daarom ondersteun kan word.

Eersgenoemde is veral belangrik omdat dit te make het met wat die **regverdigingsgronde of morele basis** van iets genoem word.

Terwyl daar in hierdie lesing wel aandag gegee sal word aan die produk van konstitusionele hervorming, sal hoofsaaklik in die lig van die voorafgaande gefokus word op die rol van waardes in die proses van hervorming.

Dit sal gedoen word aan die hand van die volgende **twee vrae:**

(a) Waarom kan gesê word dat waardes 'n rol in die proses van konstitusionele hervorming speel? Is dit nie maar 'n kwessie van bedingingsmag en die vermoë om die teenparty te manipuleer nie?

(b) Watter soort waardes behoort 'n rol in die proses van konstitusionele hervorming in Suid-Afrika te speel?

## 2. KONSTITUSIONELE HERVORMING EN WAARDES

In 'n belangrike mate is die woord "hervorming" self 'n soort waarde-oordeel. Wie dit gebruik, sê alreeds dat die bestaande orde nie deug nie en verander moet word.

Ten einde die vraag waarom waardes 'n rol in konstitusionele hervorming speel, te kan beantwoord, is dit nodig om duidelikheid oor die hele kwessie van hervorming te verkry. Hervorming behels naamlik 'n paar aspekte waarmee waardes direk in verband staan.

Die **eerste aspek** is die **konseptuele aspek.** Wat verstaan ons onder die woord hervorming? Het dit dieselfde betekenis as woorde soos verandering en aanpassing?

Hervorming is nie bloot verandering nie. Dit is 'n baie spesifieke soort verandering, naamlik 'n verandering in die rigting van groter sosiale, ekonomiese en politieke gelykheid, ofte wel 'n verbreding van die moontlikhede van deelname in en toegang tot die regte, voorregte, dienste, rykdom en goedere wat 'n bepaalde samelewing kan verskaf.

Nog minder is hervorming 'n aanpassing of verstelling van die bestaande orde sônder dat die reëls en strukture wat sosio-ekonomiese en politieke deelname reguleer, wesenlik verander word. Hervorming kan nie 'n poging wees om die bestaande orde meer aanvaarbaar te maak deur dit 'n oënskynlik menslike masker oor te trek nie. Om dit so te stel: 'n hervormer is nie soos 'n verwer wat 'n ou gebou meer aantreklik probeer maak deur dit slegs te verf nie. 'n Hervormer is soos 'n bouer wat 'n bestaande woning struktureel sô verander dat dit vir almal bewoonbaar is wat daarop 'n aanspraak het en daar van die ou gebou alleen d i t oorbly wat bruikbaar is.

Dit alles beteken die volgende: 'n keuse vir hervorming is nie bloot 'n keuse vir 'n bepaalde prosedure nie, soms evolusionêre verandering genoem. Dit is 'n baie radikale keuse, want dit is 'n keuse tèèn die **status quo** en ten gunste van 'n verandering wat gelykberegtiging ten doel het.

In hierdie opsig is die woord "hervorming" en die frase "konstitusionele hervorming" 'n waardebelade woord en frase. Wie hierdie woord en frase gebruik, spreek in werklikheid 'n normatiewe verbintenis uit, naamlik om van 'n onwenslike toestand na 'n meer wenslike toestand te beweeg, ofte wel 'n toestand wat 'n gelyke verspreiding van deelname-geleenthede moontlik maak.

Die rol van waardes in die proses van hervorming word nog duideliker wanneer gelet word op 'n **tweede aspek** van hervorming wat die **deskriptief-analitiese** of **diagnostiese aspek** genoem word.

Hierdie aspek hou verband met vrae soos die volgende: wat is die aard en morele gehalte van die **status quo?** Watter soort onreg word gepleeg en wat is die diskriminerende strukture en statute?

Die egte hervormer moet 'n duidelike en eerlike prentjie van die **status quo** hê. Onreg moet onbevange geïdentifiseer en by die naam genoem word. Vae veralgemenings en veral rasionalisasies is nie aanvaarbaar nie. Hoe die hervormer die **status quo** sien, is uiteindelik bepalend vir sy **geloofwaardigheid**. Hy moet veral vrae soos die volgende stel: is dit slegs aspekte van die sosio-politieke orde wat onreg sanksioneer of dalk die hele stelsel self?

Die waarde-oordeel wat oor die **status quo** uitgespreek word, hang natuurlik af van die soort waardes waarmee die hervormer hom of haar identifiseer. Om dit te kontekstualiseer en met Suid-Afrika in verband te bring:

Oor die huidige konstitusionele bedeling bestaan daar uiteenlopende menings. Daar is politieke partye wat dit totaal en al verwerp omdat dit binne hulle waarde- en ideologiese verwysingsraamwerk op rasse-integrasie neerkom. Ander verwerp dit weer omdat dit volgens hulle verwysingsraamwerk 'n voortsetting van blanke dominasie en groepsbelange is. Nog ander dink dit is 'n groeipunt vir hervorming. Dié uiteenlopende menings illustreer 'n belangrike punt wat nie verontagsaam moet word nie, naamlik dat mense in hulle waarde-oordele soms radikaal kan verskil.

Tog is daar in hierdie Babelse verwarring ook 'n ligpunt te bespeur. Ek mag verkeerd wees, maar daar is myns insiens 'n groeiende konsensus dat die Apartheidstelsel en sy ingeboude vorme van diskriminasie nie op waardes berus wat moreel verdedigbaar is nie, en dat dié stelsel afgetakel moet word. Soos ook geïllustreer deur die RGN-Verslag oor tussengroepverhoudinge, is dit wel moontlik om deur middel van gesprek en dialoog oor sensitiewe waarde-kwessies konsensus te bereik.

Wat dit betref, is die prentjie minder donker as wat sommige mense dink.

Terwyl dit soms gesê word dat mense oor waardes, veral in 'n heterogene samelewing soos Suid-Afrika, ernstig verskil, is dit slegs 'n halwe waarheid. Wanneer ernstige dialoog, gesprek en onderhandeling plaasvind, en wanneer mense hulleself vir mekaar oopstel, blyk dit in die meeste gevalle wel dat 'n relatiewe mate van waarde-konsensus oor staatkundige en konstitusionele aangeleenthede moontlik is. Kulturele en rasseheterogeniteit word te dikwels in Suid-Afrika as 'n verskoning gebruik om nie konsensus te soek nie.

'n **Derde aspek** van hervorming is die eksplisiete **normatiewe** aspek. Wat is in breë trekke die sosio-politieke opset waarna gestreef word? Hoe behoort die nuwe bedeling daar uit te sien? Watter soort doeleindes moet gestel word?

Waardes het direk en baie eksplisiet betrekking op hierdie aspek van hervorming en die hervormer kan daaroor nie in vae terme praat nie. Dit is die geval om tweërlei redes:

Enersyds word die geloofwaardigheid en erns van die hervormer direk daardeur bepaal.

Andersyds word die aanvaarding en legitimiteit van hervorming deur verontregte groepe daardeur beïnvloed. Die hervormer kan alleen steun uit hierdie kringe mobiliseer as die waardes en doeleindes wat hom lei, in hierdie kringe hoop vir die toekoms genereer.

Laasgenoemde kwessie is so belangrik dat 'n wyle langer daarby stilgestaan moet word.

Hervorming van die aard en omvang wat Suid-Afrika benodig kan alleen werklik van die grond af kom indien daar wat genoem kan word "communal hope" gegenereer word. Gebeur dit nie, ontstaan gevoelens van fatalisme, sinisme en verset. Mense moet kan glo, sien èn veral beleef dat 'n nuwe dageraad besig is om aan te breek; dat die politieke en sosiale hoop nie beskaam nie. Wat dit betref, verkeer Suid-Afrika tans in 'n kritieke situasie.

Die **vierde aspek** van hervorming waarby waardes 'n rol speel, is die **takties-strategiese aspek.** Hoe moet te werk gegaan word om van punt A, die **status quo**, na punt B, die gewenste situasie te beweeg? Watter metodiek moet gevolg word? Moet mense oor alle skuiwe wat gemaak word volledig ingelig word? Wie moet betrek en wie uitgesluit word? Watter soort oorbruggings- en bemiddelingstrukture moet geskep word? Moet hervormings slegs op 'n stuksgewyse manier geïnisieer word of is die sogenaamde "Blitzkrieg"-strategie die beste? Wat van diegene binne die kiesafdeling van die hervormer wat nie entoesiasties oor hervorming is nie?

Dit spreek vanself dat die takties-strategiese element van hervorming deur heersende omstandighede bepaal sal word. Hoe die hervormer die sosio-politieke situasie lees en wat hy uiteindelik wil bereik sal die deurslag gee.

Hoe 'n mens ook al na die situasie kyk, een saak is van primêre belang:

'n Taktiek wat nie daarop gerig is om die leierskorps van verontregte groepe te betrek by onderhandelingsprosesse nie en wat geen insette uit hierdie kring verdiskonteer nie, het nie 'n goeie kans op sukses nie - wat die uiteindelike produk ook al mag wees.

Die geheel van die voorafgaande kan as volg saamgevat word:

In 'n staatsgemeenskap wat daarop prys stel om as 'n demokrasie bekend te staan, het hervorming in die algemeen en konstitusionele hervorming in die besonder alleen kans om legitimiteit en aanvaarding te geniet as dit uitdrukking gee aan algemeen aanvaarde waardes. Hierdie waardes sal bepaal of mense dink dat die hervormings wat geïnisieer word in hulle belang is en hulle verwagtings ontmoet. Die ernstige hervormer moet daarom steeds soek na daardie waardes wat redelik algemeen aanvaarbaar is en wat, ondanks alle ander verskille, 'n saambindende funksie vervul en as sodanig 'n gemeenskaplike belang verteenwoordig. In stede van die klem eensydig te laat val op verdelende faktore, moet die klem oorwegend op gemeenskaplike waarde-oriëntasies en belange val.

Die vraag is natuurlik: watter soort waardes behoort in Suid-Afrika 'n rol in die proses van konstitusionele hervorming te speel en wat is die praktiese relevansie daarvan?

## 3. RELEVANTE WAARDES

Dit is nie moontlik om alle relevante waardes en hulle operasionalisering hier ter sprake te bring nie. Trouens, dit is ook nie nodig nie. Wat beoog sal word in hierdie afdeling is om in die lig van die vorige afdeling 'n aantal kernwaardes uit te lig. Dit word gedoen in die veronderstelling dat Suid-Afrika prys daarop stel om 'n demokrasie te wees en besondere waarde aan hierdie stelsel van regering heg.

Voordat 'n aantal spesifieke waardes, die normatiewe riglyne wat daaruit voortvloei asook die operasionalisering daarvan aan die orde gestel word, is dit nodig om vir 'n wyle stil te staan by wat gewoonlik as 'n basiswaarde vir hervorming bestempel word, naamlik geregtigheid.

Vanuit 'n Bybelse perspektief gesien, verwys hierdie term na die gehele inhoud van die openbaring en handelinge van God. Dit word ook as 'n normatiewe begrip gebruik deurdat dit sê hoe 'n saak, situasie of verhouding behoort te wees. Wanneer dit is soos dit behoort te wees, is dit reg. Daarom het die begrip geregtigheid ook 'n kritiese funksie. Dit tree op as kritiek teen sake, situasies en verhoudinge wat nie reg is nie en onreg behels.

In die Bybel staan hierdie begrip primêr met God en Sy handelinge in verband. Dit is allereers 'n aanduiding van God se trou aan Sy skepping en Sy verbondsverhouding met mens en wêreld. Daarvolgens kan op God gereken word in die vaste wete dat Hy nie willekeurig optree nie.

Hierdie trou van God kom enersyds tot uitdrukking in Sy reddende liefde en Woord van vryspraak en versoening ten opsigte van alle mense. Sy geregtigheid is nie eksklusief in die sin dat alleen sommige mense of groepe daarop kan reken nie. Hy gaan nie selektief of diskriminerend te werk nie en meet ook nie met dubbele standaarde nie. Andersyds kom Sy geregtigheid tot uitdrukking in Sy oordeel oor die sonde

(ongeregtigheid). Sy geregtigheid sluit uit dat Hy sonde kan vergoelik vanweë die gebrokenheid van mens en wêreld.

Sy verbond is daarom 'n genadeverbond. Die mens ontvang die genade om in 'n herstelde en herskape verhouding met God, ander mense en die wêreld te staan. Daar is vir die mens geen verskoning om in 'n onregsverhouding te staan nie.

In dié verband is die volgende belangrik: God se geregtigheid is nie 'n genadegawe wat soos 'n verjaardaggeskenk aanvaar kan word nie. Dit is ook 'n **opgawe** om geregtigheid te **doen**. Geregtigheid is in die Bybel nie 'n normatiewe idee wat êrens in die abstrakte swewe nie. Dit is 'n prakties-relevante en gedragsrigtende waarde. Daarom word dit in die Bybel telkens in verband gestel met praktiese situasies, konkrete dade en verhoudings - of dit nou ten opsigte van armes, weduwees, weeskinders, die self- en grypsug van mense, gesindhede, politieke situasies, die optrede van priesters en konings of die feit dat aan arbeiders 'n onwaardige loon betaal word. Kortom, daar is 'n intrinsieke verband tussen God se geregtigheid en die beoefening van indivuduele, sosiale en politieke geregtigheid.

Die inhoud van die geregtigheidsopgawe word in die liefdesgebod saamgevat. Die geregverdigde mens doen geregtigheid wanneer sy handelinge gekwalifiseer word deur die liefde tot God en die naaste. Dan laat hy reg aan homself en die naaste geskied.

Die voorafgaande kan in die volgende normatiewe riglyn geformuleer word: as beelddraer van God en geregverdig deur Sy genade moet die mens in woord en daad sò lewe dat elke ander mens die ruimte het om te deel in die verantwoordelikhede, regte en voorregte wat hom as 'n beelddraer van God toekom. Almal het die reg op die erkenning èn ervaring van 'n gelyke waardigheid en kosbaarheid as mense. Dit geld nie alleen vir individuele optrede nie, maar ook vir die strukture en instellings in terme waarvan menslike gedrag georden word.

In die lig van die voorafgaande, en vanuit Bybelse perspektief gesien, moet gestel word dat hervorming niks anders kan wees nie as 'n opgawe om geregtigheid te konkretiseer. Om

dit so te stel: hervorming moet die vleeswording wees van die genadegawe om in herstelde en herskape verhoudinge te leef. Dat die ideale toestand nie bereik kan word nie, doen geen afbreuk aan die krag van hierdie opdrag nie. Die dryfveer moet steeds wees: dinge kan ånders wees.

Dit bring ons by die vraag: hoe kan die geregtigheidswaarde en -opdrag polities geoperasionaliseer word in die proses van konstitusionele hervorming? In die volgende aantal paragrawe sal op enkele implikasies gewys word.

**3.1** 'n Keuse vir hervorming op die grondslag van politieke geregtigheid beteken noodwendig 'n keuse vir **gelykwaardige deelname aan** en **medeseggenskap in** politieke besluitnemingsprosesse. Soos reeds genoem is, is hervorming nie blote verandering of aanpassing nie. Dit is 'n baie spesifieke soort verandering. Wat sowel die konseptuele as die normatiewe aspekte van hervorming betref, is gelykwaardige deelname en medeseggenskap sake waaroor daar nie kompromieë aangegaan kan word nie.

Die voorafgaande sou ook anders gestel kan word:

Konstitusionele hervorming, veral wat Suid-Afrika aanbetref, moet 'n proses wees waarin dit primêr om demokratisering in stede van koöptering gaan.

Die praktiese toepassing hiervan impliseer 'n aantal sake waaroor daar geen misverstand moet wees nie:

(a) Dit impliseer 'n fundamentele verandering in magsverhoudinge. Diegene wat polities gedomineer het, verloor hul dominante posisie deurdat 'n herrangskikking van politieke mag plaasvind. Deelname kan immers slegs gelykwaardig wees indien 'n gelyke toegang tot politieke magsentra moontlik is en politieke bedinging op die grondslag van gelyke geleenthede geskied. Word die magsverhoudinge nie fundamenteel verander nie, is daar sprake van politieke koöptering waarin nuwe politieke deelnemers slegs kliënte word van die dominante magsgroepering.

(b) Dit impliseer dat nuwe deelnemers die politieke gang van sake wesenlik moet kan beïnvloed. Die sê wat hulle kry, is 'n sê wat gewig moet dra. Wat meer is, in hulle persepsie

van 'n hervormde bedeling moet hulle dit ook so kan beskou. Dit is basies vir die legitimiteit van die bedeling.

Gelykwaardige deelname en medeseggenskap kan verskillende vorme aanneem: unitêr, federaal, konsosiatief, ensovoorts. Dit is 'n dwaling om te dink dat daar net een spesifieke vorm is. In die verband moet gewys word op 'n ernstige konseptuele misverstand wat in Suid-Afrika bestaan en wat die konstitusionele debat bemoeilik, naamlik die frase "een mens een stem in 'n unitêre staat." Sommige is daarteen en ander weer ten gunste. Diè frase is misleidend. Waaroor die debat moet gaan, is die vraag: moet deelname volgens 'n gemeenskaplike kieserslys op grondslag van die beginsel dat die wenner alles neem, plaasvind? Kan dit gelykwaardigheid en betekenisvolle deelname en medeseggenskap waarborg?

Diè vraag kan nie binne die opset van hierdie lesing beantwoord word nie. Die volgende moet wel gestel word:

Politieke geregtigheid, vertaal as gelykwaardige deelname aan en medeseggenskap in besluitnemingsprosesse, sluit uit dat enige konstitusionele vorm aanvaar kan word wat politieke dominasie van een groep of klas oor 'n ander groep of klas behels. Die aandrang op geregtigheid deur 'n bepaalde groep, kan nie beteken dat diè groep àlle politieke mag moet kry nie. Anders gestel, geregtigheid beteken nie dat een bepaalde vorm van dominasie deur 'n ander vorm van dominasie vervang moet word nie.

**3.2** Wanneer dit gaan oor gelykwaardige deelname en medeseggenskap, is dit 'n waarde- en normatiewe riglyn wat nie eers sy beslag moet kry in die vorm wat aanvaar word nie. Dit moet reeds sy beslag kry in die proses wat tot die produk lei. Diè proses kan nie eensydig gedomineer word nie.

Dit alles beteken dat 'n premie op deelname en medeseggenskap noodwendig ook 'n premie op 'n **onderhandelde skikking** is. Om dit so te stel: die legitimiteit van die konstitusionele produk hou ten nouste verband met die aard van die deelname en seggenskap van diegene vir wie dit bedoel is aan die proses van hervorming self. Daarom kan niemand by voorbaat van die onderhandelingstafel uitgesluit word nie. Gelykwaardige deelname en seggenskap moet reeds hier begin.

Die operasionalisering hiervan binne die verskeurde Suid-Afrikaanse samelewing is besonder moeilik. Daar is diegene wat nie wil deelneem nie omdat hulle nie met regeringswoordvoerders wil praat nie. Van owerheidskant word daar ook voorwaardes gestel, soos byvoorbeeld die afswering van geweld. Hoe daar uit hierdie dilemma gekom sal word, is moeilik om te sê. Groter inisiatief sal geneem moet word deur tussengangers met geloofwaardigheid. Instellings soos die kerke kan ook 'n leidende rol speel.

Streng gesproke is onderhandeling natuurlik nie op sigself 'n waarde nie. Dit hou egter wel verband met wat die takties-strategiese aspek van hervorming genoem word en as sodanig, weliswaar in afgeleide sin, met die waarde-oriëntasie wat hervorming begelei.

'n Mens sou dit ook as volg kan vertolk:

Die geregtigheidswaarde impliseer **gelyke geleenthede en toegang** tot die onderhandelingstafel vir almal wat belang by die proses van hervorming en die demokratisering van Suid-Afrika het. Onderhandelingstrukture wat geskep word, afgesien daarvan dat dit moet voortspruit uit wat genoem kan word voorlopige onderhandeling, moet gelyke geleenthede en toegang moontlik maak.

Dit spreek ook vanself dat diegene wat aan die onderhandelinge deelneem, bereid moet wees om te beding ėn kompromieë aan te gaan. 'n Waarde-oriëntasie wat deur politieke selfsug, halstarrigheid en benepenheid gekenmerk word, sal nie die soort resultate lewer wat van Suid-Afrika 'n beter land sal maak nie.

**3.3** Wat sowel die normatiewe aspek van die proses van hervorming as die produk van hervorming betref, impliseer die geregtigheidswaarde 'n aantal vryheidsregte wat intrinsiek verbonde is met 'n demokratiese waarde-oriëntasie. Een hiervan, en waarvan die operasionalisering fundamenteel is, is die **vryheid van assosiasie.** In 'n samelewing wat wil demokratiseer, moet 'n normatiewe doelwit van hervorming die verbreding van assosiasievorme in stede van die inkorting daarvan wees.

'n Belangrike vraag in dié verband is of die staat die reg het om voorskriftelik op te tree. Het die staat byvoorbeeld die reg om voor te skryf dat mense wat van 'n Marxisties-Leninistiese oortuiging is nie in 'n politieke beweging mag assosieer nie? Kan rassiste vryelik in 'n openbare beweging assosieer? Of revolusionêres?

As algemene riglyn word gewoonlik aanvaar dat staatsvoorskrifte vir assosiasie alleen aanvaarbaar is wanneer aangetoon kan word dat die doel daarvan in belang van die bewaring van demokratiese vryheid en basiese menseregte is. Waaroor dit in 'n demokratiese staat gaan, is die kriteria in terme waarvan voorskriftelik opgetree word en die doelwitte van die voorskrifte.

Soos tereg deur die RGN-Verslag aangetoon is, kan ras en kleur nie as kriteria geld wanneer dit oor statutêre voorskrifte vir assosiasie gaan nie, veral wanneer hierdie assosiasie betrekking op konstitusionele aangeleenthede het. Dieselfde geld vir 'n rigiede statutêre klassifisering van mense volgens die kriteria van etnisiteit. Laasgenoemde kan natuurlik wel 'n relevante kriterium vir assosiasie wees. Niemand kan byvoorbeeld beswaar aanteken teen die bestaan van 'n Joodse klub nie. Waaroor dit egter gaan, is 'n statutêre reëling wat ter wille van politieke en konstitusionele kwessies etniese grense dig sluit - iets wat byvoorbeeld tans nie die geval ten opsigte van blankes is nie.

Die politieke en konstitusionele operasionalisering van etnisiteit as 'n kriterium vir assosiasie is in Suid-Afrika besonder problematies. Vanweë politieke en psigologiese faktore bestaan daar by polities verontregte groepe ten regte 'n groot weerstand hierteen. Aan die ander kant kan ook weer nie ontken word nie dat etniese assosiasie, ook vir politieke doeleindes, nie **per se** uit die bose is nie. Wat wel aanvaar moet word, is dat hierdie vorm van assosiasie nie die enigste toelaatbare assosiasievorm is nie. 'n Konstitusionele bedeling moet ook ruimte laat vir ander vorme van politieke assosiasie. Ook hier geld die riglyn dat in 'n demokrasie assosiasievorme verbreed in stede van ingekort moet word.

Hierdie netelige kwessie onderstreep weer eens die waarde wat geheg moet word aan 'n onderhandelde skikking vir Suid-Afrika se politieke en konstitusionele probleme.

Vryheid van assosiasie hou natuurlik verband met 'n string van ander waardes en vryheidsregte, byvoorbeeld menswaardigheid, vryheid van beweging, vryheid van spraak, gelyke geleenthede, ensovoorts.

Indien hierdie normatiewe riglyne vir konstitusionele hervorming aanvaar word, impliseer dit, in politieke terme vertaal, dat alle statutêre reëlings en strukture wat diskriminerend van aard is, afgetakel en verwyder moet word.

Om slegs een voorbeeld te noem: instromingsbeheermaatreëls en pasregulasies het vir baie dekades nie alleen die menswaardigheid van swartmense geruïneer nie, maar ook hulle vryheid van beweging aan bande gelê en hulle van baie ontwikkelingsgeleenthede uitgesluit. Normatief gesproke het hierdie stelsel geen morele regverdigingsgrond nie en is dit in stryd met elke moontlike demokratiese waarde en reg.

As stelsel kan dit nie meer menslik gemaak word deur dit ietwat aan te pas of met 'n ander beheerstelsel te vervang nie. In terme van bogenoemde normatiewe riglyne kan dit net afgeskaf word - iets wat hopelik in die nabye toekoms sal gebeur.

In diè verband moet op iets gewys word waaroor daar soms misverstand bestaan. Soms word beweer dat diskriminasie uitgeskakel kan word deur almal oor dieselfde kam te skeer, afgesien van ras, kleur, geloof of geslag. Byvoorbeeld: maak almal aan dieselfde kontrole-maatreëls ten opsigte van verstedeliking onderhewig, en niemand kan oor diskriminasie kla nie.

Diè soort argument verontagsaam die feit dat daar in terme van die geregtigheidswaarde ook so-iets as intrinsieke en strukturele diskriminasie is, dit wil sê 'n vorm van diskriminasie wat inbreuk maak op àlle mense se regte omdat dit kontrole-kriteria bevat wat nie ter sake is vir die kwessie waaroor dit gaan nie.

Die keuse om te verstedelik of nie te verstedelik nie, is 'n persoonlike keuse. Hierdie keuse kan wel indirek beïnvloed word deur die owerheid, byvoorbeeld deur middel van ont-

wikkelingsgeleenthede in landelike gebiede. Dit kan egter nie statutêr voorgeskryf word nie omdat dit inbreuk maak op die vryheidsregte van beweging en keuse.

Dit alles beteken dat met groot omsigtigheid omgegaan moet word met die argument dat diskriminasie en onreg uitgeskakel word deur almal oor dieselfde kam te skeer. Waaroor dit primêr moet gaan, is die herstel en operasionalisering van vryheidsregte.

**3.4** In die konstitusionele debat wat in Suid-Afrika heers, word meer dan eens daarvan melding gemaak dat "Christelike beskawingswaardes" sentraal in die proses van konstitusionele hervorming moet staan. Hieronder word 'n wye reeks van sake verstaan: die behoud van stabiliteit en gemeenskapsorde; verwerping van geweld; waarborge vir algemene veiligheid; behoud van die vrye markstelsel; voortsetting van bestaande dienste soos onder andere die verskaffing van water, elektrisiteit en mediese sorg; genoeg voorrade in winkels; familielewe; goeie onderwys en opleiding; bekamping van armoede; konstitusionele waarborge vir vryheidsregte; ensovoorts.

Terwyl dit nie altyd duidelik is waarom sommige van hierdie sake juis "Christelik" genoem moet word nie, is daar wel 'n saak daarvoor uit te maak dat mense geregtig is op 'n konstitusionele en sosio-politieke bedeling wat beskaafde standaarde honoreer en nie 'n ineenstorting of erosie van hierdie standaarde tot gevolg het nie. Om dit so te stel: die beskawing is 'n verworwenheid van die menslike geslag wat 'n waarde op sigself verteenwoordig. Dit het alles te make met wat gewoonlik die kwaliteit van die menslike lewe genoem word.

'n Premie op beskawingswaardes en verworwenhede behels natuurlik baie meer as die blote behoud daarvan. Dit behels eweneens 'n doelbewuste poging om 'n gelyke verspreiding van beskawingsgeleenthede en -waardes moontlik te maak. Dit is veral die geval in 'n situasie waar statutêre en strukturele faktore so 'n verspreiding geblokkeer het. Wat in hierdie geval - en Suid-Afrika is 'n voorbeeld - benodig word is 'n **sosiale beleid** wat enersyds daarop gerig moet wees om bevoorregte groepe se posisie af te skaal en andersyds voordele na minder bevoorregte groepe te kanaliseer. Kortom, die be-

houd van beskawingswaardes en -standaarde is nie dieselfde as die behoud van bevoorregting nie. Wat Suid-Afrika betref, sluit dit beslis 'n herverdelingsprogram in, veral as daar van geregtigheid sprake moet wees.

Die volgende voorbeeld sal illustreer wat hiermee bedoel word:

Daar kan geen twyfel bestaan nie dat Suid-Afrika se Eerste en Derde Wêreld-dilemma onder andere herleibaar is tot statutêre reëlings wat oor baie dekades strek. So byvoorbeeld is swartmense effektief deur middel van statutêre reëlings uit die eiendomsmark uitgesluit, indien nie geskors nie. Sedert veral 1913 toe die sogenaamde "Land Act" aanvaar is, het hierdie situasie slegs vererger.

Vanuit 'n morele oogpunt gesien, en in die lig van die eise van geregtigheid en beskawingswaardes, is dit onafwendbaar dat 'n konstitusionele hervorminsprogram 'n herstel van hierdie situasie sal bewerkstellig. Diè herstel behels baie meer as om aan swartmense die geleentheid te gee om ook eiendom te besit. Terwyl gelyke geleenthede 'n normatiewe riglyn is wat aanvaar moet word, is dit nie genoeg nie. In situasies van statutêre en strukturele onreg moet maatreëls getref word wat agtergestelde groepe ook prakties in die geleentheid sal stel om geleenthede te kan benut. Meer spesifiek en selfs kontroversieel gestel: die Ou-Testamentiese idee van "herstelbetalinge" moet geoperasionaliseer word in 'n sosiale beleid van herverdeling.

## 4. SLOTSOM

Uit die voorafgaande betoog is dit duidelik dat dit in konstitusionele hervorming nie kan gaan om 'n magspel waarin deelnemende partye mekaar probeer uitoorlê nie. Nog minder kan dit gaan oor 'n blote oorname van politieke mag deur 'n ander party. Die legitimiteit van 'n konstitusionele bedeling word in die finale instansie nie deur wette of mag bepaal nie. Dit word bepaal deur die aanneemlikheid van die waardes wat in die proses èn produk van hervorming hulle neerslag gevind het. Daarom is die vraag waarvoor Suid-Afrika staan, nie hoe te werk gegaan moet word om mag te behou of oor te neem nie, maar hoe 'n konstitusionele bedeling met legitimiteit tot stand gebring moet word. Wie vir laasgenoemde

kies, kies vir 'n proses van onderhandeling waarin gesoek word na 'n konsensus oor basiese waardes.